DEEL 116 | WEEK 42 | 18 OKTOBER 2024 | R5

# HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR



# Johan belê in gemeenskap se toekoms

In 'n merkwaardige poging om terug te gee aan die gemeenskap en jong leerders te inspireer, het Johan Botha, eienaar van Heilbron Steers en Debonairs, 'n groot inisiatief geloods om kinders te motiveer.
Johan, wat in Heilbron grootgeword het, het 'n diep liefde vir sy geboortedorp se mense, en dit dryf hom om te help waar hy kan. Sy jongste projek behels die uitdeel van 2000 roomys-geskenkbewyse. Die geskenkbewyse gaan onder andere aan die top drie presteerders in elke graad van skole in Heilbron. Johan Botha hoop dat, hoewel dit 'n klein gebaar is, dit 'n groot impak sal hê deur kinders aan te moedig om harder te werk en hul beste te gee. "Ons wil hê dat elke leerder moet voel dat harde werk beloon word," sê Johan. "Hierdie geskenkbewyse is 'n simbool van aanmoediging en ondersteuning vir ons jeug." Botha se geskenkbewyse strek egter verder as net die jonges. Johan het ook 150 geskenkbewyse aan Pitstop vir Jesus geskenk, wat aan bejaardes uitgedeel sal word tydens hul Intog na Bethlehem op 23 November. Dit is vir Johan belangrik om nie net aan die jeug te dink nie, maar ook aan die ouer geslag wat dikwels oor die hoof gesien word.
Sy kitskoswinkel Debonairs is ook betrokke in die gemeenskap met hulle "Dough-Nation" projek, wat daarop gemik is om minderbevoorregte kinders te help. Twee keer per week besoek Debonairs Heilbron gemeenskapspunte, waar hulle etes verskaf aan kinders wat dit die nodigste het. Donderdag het hulle besoek afgelê by die Good Hope EDU & Aftercare Centre, asook by Tinktinkieland Kleuterskool in Sandersville. Johan verduidelik dat, hoewel dit nie altyd pizza is wat hulle uitdeel nie, dit wel iets is wat 'n kind se honger sal stil.
Johan Botha se inspirasie om terug te gee kom van sy eie agtergrond en die mense wat hom deur sy skooljare ondersteun het. Sy onbaatsugtige bydraes dra daartoe by dat die gemeenskap van Heilbron saam groei en floreer.







HIGH FERT KUNSMIS
Johnny Claassen 082 779 3417
JCB
Eben Claassen 072 581 7627
NOVON PROTECTA
Vir al jou chemie en kunsmis behoeftes!

# Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum:

## 10 Oktober Internasionale Geestesgesondheid dag




Die 10de Oktober is dit Internasionale Geestesgesondheid dag. Om die belangrikheid van geestegesondheid te bevorder, moet gesprekke rondom geestegesondheid plaas vind.  Daar is 'n stigma rakende geestegesondheid, maar die stigma moet getrotseer word en die waarheid moet uitkom.

Geestelike gesondheid beteken om goed oor jouself te voel, alledaagse stres goed te hanteer, effektief te werk en tot jou gemeenskap by te dra. Dit gaan daaroor om 'n gesonde gees te hê, gebalanseerd te voel en die lewe te geniet. Geestelike gesondheid gaan nie net daaroor om nie geestesongesteldheid te hê nie; dit gaan daaroor om 'n positiewe gemoedstoestand te hê wat jou help om uitdagings die hoof te bied en te floreer

**Algemene mites en feite oor geestesgesondheid**

Om die waarheid oor geestesgesondheid te verstaan, is noodsaaklik om wanopvattings uit die weg te ruim en beter geestelike gesondheid te bevorder. Hier is 'n paar algemene geestesgesondheidsmites en die ooreenstemmende feite:

**Mite 1: Geestelike gesondheidsprobleme raak my nie.**

**Feit:** Geestesgesondheidskwessies is algemeen en kan enige iemand raak, ongeag ouderdom, geslag of agtergrond. Ongeveer een uit elke vyf volwassenes ervaar elke jaar 'n geestesgesondheidskwessie.

**Mite 2: Mense met geestelike gesondheidsprobleme is gewelddadig en onvoorspelbaar.**

**Feit:** Die meeste mense met geestesgesondheidsprobleme is nie meer geneig om gewelddadig te wees as enigiemand anders nie. Trouens, hulle is meer geneig om slagoffers van geweld eerder as oortreders te wees.

**Mite 3: Geestelike gesondheidsprobleme is 'n teken van swakheid.**

**Feit:** Geestesgesondheidsprobleme het niks te doen met swak wees of gebrek aan wilskrag nie. Dit is mediese toestande, soos hartsiektes of diabetes, en kan veroorsaak word deur 'n verskeidenheid faktore, insluitend genetika, biologie en lewenservarings.

**Mite 4: Jy kan nie herstel van geestelike gesondheidsprobleme nie.**

**Feit:** Baie mense met geestesgesondheidsprobleme herstel heeltemal of kan hul simptome effektief bestuur met die regte behandelings en ondersteuning. Herstel is 'n proses, en mense met geestesgesondheidskwessies kan vervullende en produktiewe lewens lei.

**Mite 5: Terapie en selfhulp is 'n vermorsing van tyd. Wanneer jy net 'n pil kan neem?**

**Feit:** Alhoewel medikasie vir baie effektief kan wees, is terapie en selfhelpstrategieë ook belangrike komponente van behandeling. Psigoterapie, lewenstylveranderinge en ondersteuningsnetwerke kan geestesgesondheidsuitkomste aansienlik verbeter.

**Mite 6: Kinders ervaar nie geestelike gesondheidsprobleme nie.**

Feit: Kinders kan en ervaar geestesgesondheidsprobleme, wat gediagnoseer en behandel kan word. Vroeë intervensie is van kardinale belang om kinders te help om hul geestesgesondheid te bestuur en sukses in die lewe te behaal.

**Mite 7: Mense met geestelike gesondheidskwessies kan nie stres hanteer of werk nie.**

**Feit:** Baie mense met geestesgesondheidskwessies kan en doen hul werk en stress doeltreffend te bestuur, veral met behoorlike behandeling en ondersteuning. Geestesgesondheidstoestande verhoed nie noodwendig iemand om 'n produktiewe en waardevolle werknemer te wees nie.

**Mite 8: Geestelike gesondheidsprobleme word veroorsaak deur persoonlike swakheid of karakterfoute.**

**Feit:** Geestesgesondheidsprobleme is kompleks en kan voortspruit uit 'n kombinasie van genetiese, biologiese, omgewings- en sielkundige faktore. Hulle is nie die gevolg van persoonlike swakheid of karakterfoute nie.

**Mite 9: Om hulp te soek vir geestelike gesondheidskwessies is 'n teken van mislukking.**

**Feit:** Om hulp te soek is 'n teken van krag en selfbewustheid. Dit verg moed om te erken dat jy ondersteuning nodig het en om stappe te neem om jou  geestesgesondheid te verbeter.

**Mite 10: Geestelike gesondheidsprobleme is skaars.**

**Feit:** Geestesgesondheidsprobleme is meer algemeen as wat baie mense dink. Hulle raak miljoene mense wêreldwyd, wat oor alle demografie en kulture heen sny.

*Volgende week word daar gekyk na die belangrikheid van goeie geestegesondheid.*

# Man wat boere teister in hegtenis geneem

Na 'n reeks inbrake op plase in die Heilbron-omgewing, waar daar gelukkig nog geen gewelddadige plaasaanvalle was nie, maar slegs die diefstal van 'n Toyota  Land Cruiser, blyk daar uiteindelik 'n ligpunt aan die einde van die tonnel te wees. 'n Tydjie gelede het boere, in samewerking met die plaaslike polisie, 'n Mosambiekse burger gearresteer in verband met die inbrake. Die verdagte se woonadres in Suid-Afrika is tans onbekend, behalwe dat hy nie in Heilbron woon nie. Vir nou bly hy in aanhouding by die Heilbron Korrektiewe Dienste, maar hy weier om enige inligting te verskaf oor sy moontlike medepligtiges. Die arrestasie bring 'n mate van verligting vir die plaasgemeenskap, wat in die afgelope weke op hul hoede moes wees weens die herhalende inbrake. Die samewerking tussen die boere en die polisie word as 'n positiewe stap beskou om wet en orde te handhaaf en die gemeenskap te beskerm. Hoewel die verdagte nog nie vrywillig inligting deel nie, hoop die ondersoekspan dat verdere ondervraging en bewysstukke sal lei tot meer arrestasies en uiteindelik die einde van die inbraakgolf.




# UIT DIE PEN: Week 42



Ek het vanoggend gewonder waaroor ek vandag gaan skryf. Ek skryf mos hierdie jaar oor dinge waaroor ek wonder.

Ek het lank reeds gewonder oor mense wat arrogant is, maar getwyfel of ek daaroor gaan skryf. Totdat ek onlangs die minder bekende stories van Oscar Wilde gehoor het.

Hy was 'n beroemde skrywer wat in 1854 gebore is en in 1900 dood is. Nie lang lewe nie, maar 'n lewe vol ervaring. Hy was 'n Ier van geboorte en het heelwat dramas en gedigte geskryf. Hy het onder andere by Oxford studeer. Ook in Amerika en Kanada klasgegee.

Terwyl hy in Amerika getoer het, het iemand vir hom gevra wat hy van hierdie land dink. Hy het eers gelag en toe gesê dat Amerika nie eers 'n flikkerende olielamp op die horison is nie. Min of meer niks werd nie. Hy het niks gedink van die marmervloere van New York se Fifth Avenue nie. Hy noem dit depressief en eentoning. Volgens hom is Chicago se watertoring heeltemal absurd.

Hy sê dat "a police force for the protection of art ought to be established to prevent the residents of Long Branch from painting their fences in such awful reds and greens." Arrogant, dink ek.

En dis waaroor ek vandag wonder: hoekom raak mense arrogant? Ons sien hulle rondom ons. Kyk veral na 'n tiener. Hulle weet alles, is vol van hulself en dink hulle gaan vir ewig lewe. Ek weet, ek was ook 'n tiener.

Ek het ook, toe ek redelik lank skoolgehou het, gedink dat ek die mêkkie van die plekkie is. Ek was 'n posvlak 1 onderwyser, toe 'n vakhoof en daarna 'n departementshoof voordat ek vakadviseur geword het.

Ek kan onthou hoe ek eendag opleiding gegee het oor tegnologie, my rekenaar (daardie tyd een van die bestes op die mark) triomfantelik in die lug gehou het en verklaar het dat hierdie die nuutste en beste is.

Siestog, ek was maar net 'n spikkel, niks om oor huis toe te skryf nie.

Ek onthou hoe ek gemaak het dat ek alles weet. Toegegee, ek het wyd gelees en kon oor baie dinge saampraat, maar dit was regtig nie nodig om te maak of ek alwetend is nie. Wanneer ek nou terugkyk, sien ek die gate in my redenasies en inligting wat ek vir ander gegee het. En ek kry skaam daaroor.

Wanneer ons oor skoolreunies gesels, sal kennise sê dat hulle nie daarin belangstel nie, want dit is net 'n spogtery. Wel, dan moet jy eerder na die reunies kom wanneer almal wat saam met jou in matriek was, reeds deur diep waters is. Want die lewe is die groot gelykmaker.

Verby is die arrogansie. Ons kyk met sagter oë na mekaar. Toegegee, daar is nog 'n paar interessante en ongure karakters, maar hulle raak ook beter. Maar dan is die Polyfilla af, en die lewe het ons almal gemaal.

Ons kan saam praat oor oudword en spaar. Niemand wil in elk geval op hierdie ouderdom vir ewig lewe nie. Ons spog nie meer oor ons vakansiehuise nie, want almal spaar vir hulle oudag.

Ons almal het bibberende bene en drillende bo-arms. As jy dit wil wegsteek, dra jy klere met moue en as jy nie wil nie, dan vertoon jy dit aan die wêreld. Daar is nie meer 'n arrogansie om te dink dat ek beter lyk as jy nie.

Almal het seer gehad in hulle lewens, en dit wys ongelukkig op ons gesigte. Daaraan kan ons niks doen nie. Ons spog nie meer oor ons wonderlike botox-inspuitings nie, ons is nou trots op elke mylpaal, al bring dit nog 'n plooi.

Ek is regtig jammer dat ek 'n arrogante mens was. Ek dink darem diegene naby aan my het my daarvoor vergewe, en sien nou dat ek ook maar net weet wat ek tans weet.

Wanneer ek in die geselskap is van arrogante mense is, sit ek net terug en giggel oor hulle opmerkings. Af en toe vra ek iets, maar ek weet: eendag gaan jy ook terugkyk en dink jy was effens arrogant. Altans, ek hoop so.

Ek kan onthou dat ek en 'n vriend lank gelede saam met 'n jong man iewers heen moes ry. Die jong man het "arrogansie" oor sy gesig geskryf  gehad.  Vriend vra: "Wat het jy onlangs gekoop?"

Ek: "'n Leerbaadjie".

Vriend: "Soliede leerbaadjie of laslappies?"

Ek: "Solied. Die ander lyk of hulle sommer gaan lostrek."

Jong man: "Ek het 'n laslappie leerbaadjie. Mens noem die leer semenleer."

Ek dog ek val by die kar uit soos ek lag, maar ek trek nie 'n spier nie. Semenleer en seemsleer is twee verskillende dinge, ding ek.

Ek het Dinsdag my laaste besoek aan Paul, my fisioterroris, gebring. En net vir oulaas het hy my gal gewérk! Ek moes eers fietsry om "op te warm". So asof Pretoria nie warm genoeg is nie. Toe het ek geoefen om op my tone te staan. Daarna het ek hom (ongelukkig) vertel dat ek sukkel om trappe af te stap soos 'n gewone mens. En net daar gaan oefen ons trappe. Af, terug, weer af, terug.

Ek staan op my gesonde been se tone en sukkel tot ek op my nie-so-gesonde been se tone kan staan. Ek kry nog 'n bankie waarop ek moet op-en-af, sonder om om te val. Dis vir balans, sê hy. Ek kom so agter, sê ek.

So gaan ons aan en aan totdat ek papnatgesweet klaar is. Ek gee vir Paul 'n druk, want hy het my regtig gehelp om weer te kan loop. Julle het dit elke week saam met my beleef.

Ek het nog oefening wat ek op my eis (met eish, ja) moet doen, maar die grootste oorlog is oorwin.

# Bronnie leiers aangekondig vir 2025








## Huppel Trippelklub kan improviseer

Weereens het die wind die laaste sê gehad! Dis onverantwoordelik om seniors se gesondheid op die spel te plaas wanneer die wind 'onvriendelik' waai buite. Die situasie kon egter omskep word in 'n gesellige saamkuier oor waar almal se kom-van-daan is. Almal het gehoor van 'n paar inwoners van ander provinsies wat Vrystaters geword het. Maar die oorgrote getal lede is Vrystaters van regoor ons provinsie. Ons kon sommer ook hoor van die kom-van-daan van sommige lede se huwelike; en hulle kinders se geboorteplekke. Die Rolstoeldag is weereens vir twee aangeskuif. As 29 Oktober 'n glimlaggende, windstil dag is, hou ons Rolstoeldag.



*Op die foto regs: Alberta Kühn besig om te vertel van mooi herinneringe wat sy het oor ervarings wat sy met Heilbronners gehad het lank voordat sy en oom Sharky as egpaar inwoners geword het van Huis Bron-van-Heil.*









# Phillip Kotze blink uit in internasionale rugbytoer




Phillip Kotze, 'n belowende jong rugbyspeler van Hoërskool Heilbron, het die afgelope skoolvakansie 'n unieke geleentheid gehad om sy rugbyvaardighede op 'n internasionale vlak te toets. Hy was deel van die O/13 Barbarian-span, saamgestel uit talentvolle spelers van regoor Suid-Afrika. Hierdie span het na Frankryk en Italië gereis waar hulle kragte gemeet het teen Franse en Italiaanse rugbyklubs. Die Barbarian-span het teen O/13 en O/14 spanne van verskeie Europese rugbyklubs gespeel en beide wedstryde gewen. Hulle het indrukwekkende oorwinnings behaal met groot tellings, wat Phillip se talent en die span se sterk samewerking uitgelig het. Hierdie ervaring was 'n belangrike stap in Phillip se rugbyloopbaan en het sy passie vir die spel net verder versterk. Met sulke prestasies op so 'n jong ouderdom, is dit duidelik dat daar groot dinge vir hom voorlê in die rugbywêreld.

## Baie geluk!



Liefste Mnr & Mev Potgieter

Baie geluk met jul verjaarsdag. Mag die Here jul seën en nog baie jare spaar.

Van: JG Potgieter & Vennote Personeel

**Hoërskool Heilbron**
*Finem Respice*

**TOELATINGS 2025**
**NOU OOP!**

- Leerdertoelating vir 2025 is nou oop.
- Toelatingsvorms kan by die skoolkantoor of aanlyn by www.hsheilbron.co.za verkry word.
- Inskrywings vir 2025 sluit **29 November 2024.**
- Vir enige navrae, kontak die skoolhoof, meneer Johnny van der Merwe.

058 852 3007
Hoërskool Heilbron
hsheilbron@heilbron.co.za
www.hsheilbron.co.za




L&T BOERDERY Since 1999
Leonard Strydom: ltboerdery@yahoo.com

## JOB OPPORTUNITY: DIESEL MECHANIC

**Location:** Heilbron, Free State
**Position Type:** Full-time

**Company Description:**
A well-established company in the motor industry is currently seeking a skilled Diesel Mechanic to join their team and contribute to their continued success.

**Job Description:**
As a Diesel Mechanic, you will be responsible for inspecting, maintaining, and repairing diesel engines and vehicles. Your primary duties will include performing diagnostic tests, identifying, and repairing engine malfunctions, conducting regular maintenance procedures, and ensuring compliance with safety regulations. You will also be responsible for maintaining accurate records of all maintenance and repair work.

**Responsibilities:**
- Perform diagnostic tests on diesel engines to identify issues.
- Repair or replace engine parts as needed.
- Conduct routine maintenance on diesel vehicles, including oil changes, tire rotations, and filter replacements.
- Inspect vehicle systems, including brakes, steering, and transmission, for potential issues.
- Ensure compliance with safety regulations and standards.
- Maintain accurate records of all maintenance and repair work.
- Assist with breakdowns and emergency repairs as needed.
- Keep work area clean and organized.

**Requirements:**
- Proven experience as a Diesel Mechanic as well as red seal certification
- Strong knowledge of diesel engine components and systems
- Excellent diagnostic and problem-solving skills
- Strong attention to detail
- Good communication and interpersonal skills
- Ability to work independently and as part of a team.
- Valid driver's license

**If you are a skilled Diesel Mechanic looking for a new opportunity to showcase your talents, we want to hear from you. Apply today by sending your resume to ltboerdery@yahoo.com with the subject "Diesel Mechanic".**

Unsuccessful applications will not receive feedback after the application deadline.

APPLICATIONS CLOSE 30 OCTOBER

L&T BOERDERY Since 1999
Leonard Strydom: ltboerdery@yahoo.com

## JOB OPPORTUNITY: OFFICE ADMINISTRATOR

**Location:** Heilbron, Free State
**Position Type:** Full-time

**Job Description:**
We are looking for a detail-oriented and organized individual to handle both administrative duties and financial tasks related to debtors and creditors. The role involves managing office administration, data capturing, client contracts, invoicing, and FICA documentation. Additionally you will be responsible for monitoring payments, following up on outstanding accounts, processing invoices, and reconciling payments. This position requires excellent communication skills, knowledge of Microsoft Office and Pastel, and the ability to work under pressure in a customer-centric environment.

**Requirements:**
- Matric Certificate
- Own transport
- Self-motivated and able to work under pressure
- Excellent communication skills & strong work ethics
- Vast knowledge of Microsoft Office
- Knowledge of Pastel (for Debtors & Creditors tasks)
- Minimum 5 years' experience (for Debtors & Creditors role) will be advantageous
- Good administrative and reconciliation skills
- Customer-centric and well-groomed

**Key Responsibilities (not limited to):**
- General Office Administration
- Data capturing and filing
- Managing Client contracts and FICA documentation
- Liaising with Clients and handling customer queries
- Invoicing and capturing of Client Information
- Monitoring customer payments and following up on outstanding accounts
- Collecting outstanding debtors payments
- Allocating and reconciling payments received
- Capturing and processing invoices and preparing payments
- Dealing with creditors queries

**If you are a skilled office administrator looking for a new opportunity to showcase your talents, we want to hear from you. Apply today by sending your resume to ltboerdery@yahoo.com with the subject "Office Administrator**

Unsuccessful applications will not receive feedback after the application deadline.

APPLICATIONS CLOSE 30 OCTOBER

JAY'S ELECTRICAL
Ringerstraat 53, Heilbron | 083 488 1640 | admin@solarvibestore.com

YOUR ONE-STOP ELECTRICIAN
Electrical | UPS Setup | Fault Finding
Solar | Off-Grid | COC
We also repair all broken electrical appliances

# KENNISGEWINGS

## KENNISGEWING AAN KREDITEURE EN DEBITEURE:

Boedel van wyle **TSOLO DANIEL KHALA**
In die boedel van wyle TSOLO DANIEL KHALA, Nommer 003177/2024, Identiteitsnommer 641017 5317 08 5 wat gewoonlik woonagtig was te 3710 Phiritona, Heilbron en wat te Heilbron op 29 Februarie 2024 gesterf het.
Enigeen wat 'n eis het teen bogenoemde boedel word hiermee versoek om sodanige eis by ondergetekende in te dien binne 30 dae van die datum van publikasie hiervan.
Gedateer te Heilbron op hierdie 9de dag van Oktober 2024.
**JH JANSEN**
**JANSEN PROKUREURS**
**PIERCESTRAAT 58**
**POSBUS 890**
**HEILBRON, 9650**
**VERW: KHA6/0001/JHJ/cm**

## KENNISGEWING AAN KREDITEURE & DEBITEURE IN BESTORWE BOEDELS

In die boedel van wyle
**SAMUEL JACOBUS MARAIS**
Identiteitsnommer: 491112 5014 088
**Van: Die Plaas Driefontein**
**Distrik Heilbron, 9650**
wie in lewe buite gemeenskap van goed getroud was
**DATUM VAN AFSTERWE: 5 AUGUSTUS 2024**
**BOEDELNOMMER: 6362/2024**
Kennis geskied hiermee aan alle persone met vorderings teen bogemelde boedel om dit binne 30 dae vanaf datum van publikasie hiervan by die Eksekuteur, hieronder gemeld, in te lewer.
Geteken te Bethlehem op hierdie 7de dag van Oktober 2024
**MARIUS STOFFBERG**
**POSBUS 2689**
**BETHLEHEM, 9700**
**Verw. SAM60/0001**

## KENNISGEWING

Kennisgewing in die **BOEDEL VAN WYLE JOZUA FRANCSOIS KLOPPER,**
Identiteitsnommer: 431103 5012 08 4, in lewe 'n Pensionaris, woonagtig te Clarkstraat 02, Reitz, 9810, geskei.
**DATUM VAN AFSTERWE: 01 JULIE 2024**
**BOEDELNOMMER : 006308/2024**
KENNIS GESKIED HIERMEE aan Debiteure en Krediteure om bedrae aan die boedel verskuldig te betaal en eise teen die Boedel in te dien binne 30 (DERTIG) dae vanaf publikasie hiervan by onderstaande adres:
**MNRE BLIGNAUT & WESSELS**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29**
**POSBUS 6,**
**REITZ, 9810**

## KENNISGEWING

Kennisgewing in die **BOEDEL VAN WYLE JOHANNA MARGARETHA LÖTTER** STRAUSS
Identiteitsnommer: 551012 5050 08 1 in lewe 'n Pensionaris woonagtig te Huis Sorgvry, Clarkstraat, Reitz, 9810, WEDUWEE.
**DATUM VAN AFSTERWE: 07 MEI 2022**
**BOEDELNOMMER : 006305/2022**
Kennis geskied hiermee dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening in bostaande boedel ter insae sal lê by die kantore van die Meester van die Hooggeregshof, Bloemfontein, en die Landdros te Reitz vir 'n periode van 21 (Een en Twintig) dae vanaf datum van hierdie kennisgewing.
Indien geen besware daarteen by die Meester van die Hooggeregshof of by die Landdros binne die gemelde tydperk ingedien word nie, sal die Eksekuteur tot die uitbetaling daarvolgens oorgaan aan Debiteure en Krediteure om bedrae aan die boedel verskuldig te betaal en eise teen die Boedel in te dien binne 30 (DERTIG) dae vanaf publikasie hiervan by onderstaande adres:
**MNRE BLIGNAUT & WESSELS**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29**
**POSBUS 6,**
**REITZ, 9810**

## BIBLIOTEEK OOP

***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

## REMINDER

**2024 / 2025**

Neem asb kennis dat die Heilbron Herald se winkel sluit 19 Desember om 13:00 en heropen DV 6 Januarie 2025 om 07:30.
Die fabriek sluit 13 Desember 2024 en heropen DV 8 Januarie 2025.



Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
Herald Office National

## FOTOSTATE

| | Swart / Black | |
|---|---|---|
| A4 | 1 - 50 Bladsye | @ R1-50 |
| | 51+ | @ 80c |
| A3 | 1 - 50 Bladsye | @ R3-00 |
| | 51+ | @ R1-50 |
| | **Volkleur / Colour** | |
| A4 | 1 - 10 Bladsye | @ R5-00 |
| | 10+ | @ R4-00 |
| A3 | 1 - 10 Bladsye | @ R10-00 |
| | 10+ | @ R8-00 |

Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos: heraldwinkel@heilbron.co.za
Herald Office National




Herald Office National
**Elsstraat 44**
**Heilbron**
**Tel: 058 852 3033**

# DIENSTE

## BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

## BAAL / SNY & BAAL ...

Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685
Heilbron

## DUPNO Trading

AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAAIBAKKE
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com










# SMALLS

## HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT



**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!
www.vleissentraal.co.za
Vleissentraal
JJ Hadebestraat 97, Frankfort, 9830
Sel: 082 569 7205
Kantoor: 058 813 1047

# TE HUUR • TE HUUR

## HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense.
Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Sonja Muller**
**081 849 1877**

## WINKELURE

**Maandae - Donderdae: 07:30 - 17:00**
**Vrydae: 07:30 - 16:30**
**Saterdae: 08:30 - 13:00**

# GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: 058 852 3033/4/5 • Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za
(Wyeformaat produksiebestuurder)
WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za
herald@heilbron.co.za
(Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za -
(Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za -
(Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

**SAME DAY DELIVERY AND COLLECTION BETWEEN HEILBRON AND THE VAAL TRIANGLE FOR ONLY R85**
heilbron@postnet.co.za 058 853 0006 064 988 6078



# HERALD Sport




# Heilbron rolbalklub vat goud

Na die baan opgegradeer is kon die klub 'n Valsrivier kompetisie plaaslik aanbied. Heilbron se dames- en mansspan het met goud weggestap in die Driespel Kampioenskap. Die dames het skoonskip gemaak in al hulle wedstryde maar die mans moes eers 'n benoude draai maak om hulle goud te kon verdien. Baie geluk aan die twee spanne. Ware ambassadeurs vir Heilbron Rolbalklub.

*Op die foto regs vl: Jurie Jonker, Edward Muller Johnnie Fourie. Dames vl: Sonja Muller, Tracy Jacobs en Hannalie Claassen.*








## WINKELURE

**MAANDAE TOT DONDERDAE: 07:30 - 17:00**
**VRYDAE: 07:30 - 16:30**
**SATERDAE: 08:30 - 13:00**
Elsstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos:heraldwinkel@heilbron.co.za

Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald

Kontak gerus vir
Hendie Lötter by 071 175 9807
of heraldnuus@heilbron.co.za

# 2024 Besigheidsliga skop af

Wat 'n fees was dit nie om die sosiale liga van Heilbron se besighede af te skop Donderdagaand met soveel nuwe spanne en dan ook weer ou spanne wat hulle balle na die vorige jaar se afwesigheid weer uitgehaal en "gepolish" het. Die aand was vol pret en plesier met dosyne kleuters wat al om en oor die baan gehardloop het. Spelers moes hulle rol ken om nie 'n kleuter raak te rol nie. Vanjaar kon ons 16 spanne akkommodeer nadat daar 8 rinks uitgesit is na die opgradering van die baan. Die bestuur bedank elke span wat ingeskryf het en sodoende vir ons help om die fasiliteit vir die dorp in stand te hou. Na die eerste rondte lyk die stand van sake baie gelykop, hier en daar was daar 'n verrasing wat betref die wenner van 'n sekere wedstryd waar bure mekaar gepak het. Die bestuur vermoed daar was ongeoorloofde spel betrokke, maar nou ja, die telbord het die finale sê. Heerlike kossies word verkoop en Tanya Steenkamp kan gekontak word sou jy wou saamsmul.














BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 21 OKTOBER 2024**
DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

**DINSDAG - 22 OKTOBER 2024**
ANYSSPRUIT Twee-maandelikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242
VERKYKERSKOP Maandelikse veiling
Kontak Marthinus Theunissen 076 420 4115

**WOENSDAG - 23 OKTOBER 2024**
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
REITZ Twee-weeklikse veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899
BULTFONTEIN Vetvee veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

**DONDERDAG -24 OKTOBER 2024**
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979
FICKSBURG Maandelikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855

**VRYDAG - 25 OKTOBER 2024**
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
POTCHEFSTROOM Vetvee veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za